

Augustus 2023

# CAP Nuusbrieftjie

*Hy het vir hulle gesê: “Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.” – Lukas 10:2*

## CAP Overall

Debt free people: 2346

Debt free 2023 only: 78

## ACK CAP Centre only

Debt free overall: 15

Debt free 2023 only: 3

Tans word 27


families vanuit ons  
sentrum gehelp om  
uit hul skuld te kom

## “This is my story”

In Julie 2020 klop Anjeleka by CAP aan vir hulp. Sy word na ons CAP Hulp Sentrum verwys en onder leiding van Adele Swart, begin sy haar pad stap om uiteindelik in Februarie hierdie jaar, skuldvry te kom. Maklik was dit nie en met tye was dit net met die ondersteuning van haar ma, dat sy volgehoud het. Vandag is sy diep dankbaar vir die hulp wat sy gekry het en in besonder vir wat dit aan haar geestelike welstand gedoen het.

Tydens ‘n fondsinsamelings geleentheid in Junie hierdie jaar, het Anjeleka haar “storie” vertel. Sy het ook op 12 Julie tydens lewendige uitsendings oor Radio Rhema / Star / Life FM, haar verhaal met NZ gedeel. Anjeleka se verhaal, soos in haar eie woorde, is opgeneem in die CAP booklet “This is my story”.

Dit is wonderlik om te hoor hoe die Here ook CAP gebruik om mense vir Sy Koninkryk te bereik.



## Hoe kan u betrokke raak?

Daar is verskeie maniere.

- Bid asb. vir ons as Debt Coaches. Daar is ‘n behoefte in ons Hulp Sentrum vir meer Debt Coaches.
- Bid vir die kliënte om nie net skuldvry te kom nie, maar om ook hulle lewens oor te gee aan Christus.
- Finansiële bydraes -

CAP se dienste is gratis en om dit moontlik te maak, is ons afhanklik van donasies. Ons is dankbaar vir soveel van ons lidmate wat donasies maak aan die kerk (hierdie fondse sal spesifiek vir die Hamilton-sentrum gebruik word) of direk aan die CAP organisasie ([capnz.org/donate](http://capnz.org/donate)).

- Praktiese Ondersteuning -

Ons is op soek na nog persone om saam met ons op besoeke te gaan en ‘n ondersteuningsnetwerk te bied vir ons kliënte. Ons is baie dankbaar vir soveel gemeenteledere wat reeds hulself beskikbaar gestel het vir hierdie rol, selfs al is dit een dag in ‘n week.



Donate



- 'n Verjaarsdagkaartjie/koek te maakveral vir die kindertjies en onthou ... Kersfees is oor net 4 maande!
- Saam met 'n kliënt te gaan na 'n Engelse kerk of Mighty Men's breakfast. Die moontlikhede is eindeloos.

## Wat gebeur tans in ons sentrum

Op die oomblik word 27 families vanuit ons sentrum gehelp om uit hul skuld te kom. Hermiena en ek is reeds vol bespreek tot einde Oktober. Daar is 12 kliënte wat afsprake het vir 1ste of 2de besoek; nog 2 wat wag vir 'n besoek waar 'n begroting aan hulle voorgehou kan word; en 'n verdere 13 wat reeds in die proses is om die pad te loop om skuldvry te kom.

Op Dinsdag 22 Augustus, het ons die Noord-Eiland (Sentraal-streek) se konferensie in Rotorua bygewoon. Daar is verwys na 3 projekte waaraan CAP werk vir 2024. Daar is ook genoem van 'n toename in kliënte wat, as gevolg van die huidige finansiële situasie in die land, uitreik na CAP om hulp.

Die kern bly steeds "Sharing Jesus". Die vraag is, is 'n kliënt, en elkeen van ons as Debt Coaches, na elke besoek een stap nader aan God?

## Gebedsversoeke

- Soos verskeie van u weet, het Hermiena en haar man, Cheezi, die afgelope tyd deur diep beproewinge gegaan met die afsterwe van eers Cheezi se ma en 5 weke later sy pa. Hermiena se ma, wat vir etlike maande hier kom kuier het, moes ook kort hierna weer terugkeer na SA. Vir Hermiena om onder hierdie omstandighede dan nog kliënte met ernstige behoeftes te gaan besoek, het voorwaar ons voorbidding nodig.
- D & J het 3 seuntjies waarvan 2 daaglikse mediese hulp nodig het.
- M gaan deur 'n egskeidingsproses en het kinders om na om te sien met weinig hulp van die pa. Die oudste kind word vir kanker behandel en is meer in die hospitaal as by die huis.
- C gaan ook deur 'n egskeidingsproses met 2 seuntjies om na om te sien.
- Wysheid aan ons as "Debt Coaches" om elke kliënt met deernis en respek te behandel.
- God se hulp om ons uiteindelike doel, naamlik om mense na Hom toe te lei, te bereik.



Volunteer

## Behoeftes vir kliënte

- Die doel van CAP is nie om kliënte van fondse of materiële items te voorsien nie, maar hierdie behoeftes is baie algemeen. Gesels asb. met my of Hermiena as u iets materieël het wat u moontlik wil skenk. Verskeie het ook die behoefte om net hul finansies na behore te bestuur. Dit is hier waar CAP Money van groot hulp kan wees.
- Hermiena en ek wil weereens ons opregte dank uitspreek vir elke lidmaat se gebede, finansiële bydraes en morele ondersteuning. Ons loof en prys die Here vir julle liefde en samewerking.
- **Ons opregte dank aan gemeenteledere wat bereid is om die tyd af te staan om saam met ons die kliënte te gaan besoek.**

Kyk gerus na CAP se webblad vir meer inligting.  
<https://www.capnz.org/contact/>

Kontak besonderhede:

Morkel Swart 027 493 7761  
[morkel.swart@capnz.org](mailto:morkel.swart@capnz.org)  
<https://www.capnz.org/>

Augustus 2023

# CAP Nuusbrieftjie

*Hy het vir hulle gesê: “Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.” – Lukas 10:2*

## CAP Overall

Debt free people: 2346

Debt free 2023 only: 78

## ACK CAP Centre only

Debt free overall: 15

Debt free 2023 only: 3

Tans word 27


families vanuit ons  
sentrum gehelp om  
uit hul skuld te kom

## “This is my story”

In Julie 2020 klop Anjeleka by CAP aan vir hulp. Sy word na ons CAP Hulp Sentrum verwys en onder leiding van Adele Swart, begin sy haar pad stap om uiteindelik in Februarie hierdie jaar, skuldvry te kom. Maklik was dit nie en met tye was dit net met die ondersteuning van haar ma, dat sy volgehoud het. Vandag is sy diep dankbaar vir die hulp wat sy gekry het en in besonder vir wat dit aan haar geestelike welstand gedoen het.

Tydens ‘n fondsinsamelings geleentheid in Junie hierdie jaar, het Anjeleka haar “storie” vertel. Sy het ook op 12 Julie tydens lewendige uitsendings oor Radio Rhema / Star / Life FM, haar verhaal met NZ gedeel. Anjeleka se verhaal, soos in haar eie woorde, is opgeneem in die CAP booklet “This is my story”.

Dit is wonderlik om te hoor hoe die Here ook CAP gebruik om mense vir Sy Koninkryk te bereik.



## Hoe kan u betrokke raak?

Daar is verskeie maniere.

- Bid asb. vir ons as Debt Coaches. Daar is ‘n behoefte in ons Hulp Sentrum vir meer Debt Coaches.
- Bid vir die kliënte om nie net skuldvry te kom nie, maar om ook hulle lewens oor te gee aan Christus.
- Finansiële bydraes -

CAP se dienste is gratis en om dit moontlik te maak, is ons afhanklik van donasies. Ons is dankbaar vir soveel van ons lidmate wat donasies maak aan die kerk (hierdie fondse sal spesifiek vir die Hamilton-sentrum gebruik word) of direk aan die CAP organisasie ([capnz.org/donate](http://capnz.org/donate)).

- Praktiese Ondersteuning -

Ons is op soek na nog persone om saam met ons op besoeke te gaan en ‘n ondersteuningsnetwerk te bied vir ons kliënte. Ons is baie dankbaar vir soveel gemeenteledere wat reeds hulself beskikbaar gestel het vir hierdie rol, selfs al is dit een dag in ‘n week.



Donate



- 'n Verjaarsdagkaartjie/koek te maakveral vir die kindertjies en onthou ... Kersfees is oor net 4 maande!
- Saam met 'n kliënt te gaan na 'n Engelse kerk of Mighty Men's breakfast. Die moontlikhede is eindeloos.

## Wat gebeur tans in ons sentrum

Op die oomblik word 27 families vanuit ons sentrum gehelp om uit hul skuld te kom. Hermiena en ek is reeds vol bespreek tot einde Oktober. Daar is 12 kliënte wat afsprake het vir 1ste of 2de besoek; nog 2 wat wag vir 'n besoek waar 'n begroting aan hulle voorgehou kan word; en 'n verdere 13 wat reeds in die proses is om die pad te loop om skuldvry te kom.

Op Dinsdag 22 Augustus, het ons die Noord-Eiland (Sentraal-streek) se konferensie in Rotorua bygewoon. Daar is verwys na 3 projekte waaraan CAP werk vir 2024. Daar is ook genoem van 'n toename in kliënte wat, as gevolg van die huidige finansiële situasie in die land, uitreik na CAP om hulp.

Die kern bly steeds "Sharing Jesus". Die vraag is, is 'n kliënt, en elkeen van ons as Debt Coaches, na elke besoek een stap nader aan God?

## Gebedsversoeke

- Soos verskeie van u weet, het Hermiena en haar man, Cheezi, die afgelope tyd deur diep beproewinge gegaan met die afsterwe van eers Cheezi se ma en 5 weke later sy pa. Hermiena se ma, wat vir etlike maande hier kom kuier het, moes ook kort hierna weer terugkeer na SA. Vir Hermiena om onder hierdie omstandighede dan nog kliënte met ernstige behoeftes te gaan besoek, het voorwaar ons voorbidding nodig.
- D & J het 3 seuntjies waarvan 2 daaglikse mediese hulp nodig het.
- M gaan deur 'n egskeidingsproses en het kinders om na om te sien met weinig hulp van die pa. Die oudste kind word vir kanker behandel en is meer in die hospitaal as by die huis.
- C gaan ook deur 'n egskeidingsproses met 2 seuntjies om na om te sien.
- Wysheid aan ons as "Debt Coaches" om elke kliënt met deernis en respek te behandel.
- God se hulp om ons uiteindelike doel, naamlik om mense na Hom toe te lei, te bereik.



Volunteer

## Behoeftes vir kliënte

- Die doel van CAP is nie om kliënte van fondse of materiële items te voorsien nie, maar hierdie behoeftes is baie algemeen. Gesels asb. met my of Hermiena as u iets materieël het wat u moontlik wil skenk. Verskeie het ook die behoefte om net hul finansies na behore te bestuur. Dit is hier waar CAP Money van groot hulp kan wees.
- Hermiena en ek wil weereens ons opregte dank uitspreek vir elke lidmaat se gebede, finansiële bydraes en morele ondersteuning. Ons loof en prys die Here vir julle liefde en samewerking.
- **Ons opregte dank aan gemeenteledere wat bereid is om die tyd af te staan om saam met ons die kliënte te gaan besoek.**

Kyk gerus na CAP se webblad vir meer inligting.  
<https://www.capnz.org/contact/>

Kontak besonderhede:

Morkel Swart 027 493 7761  
[morkel.swart@capnz.org](mailto:morkel.swart@capnz.org)  
<https://www.capnz.org/>